



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

Toegepaste monsternemingsteorie in mineraalprosessering 701 (NMP 701)

Kwalifikasie	Nagraads
Fakulteit	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Modulekrediete	30.00
Programme	BIngHons Metallurgiese Ingenieurswese BScHons Toegepaste Wetenskap Metallurgie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	48 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Die module spreek beide die teorie en toepassing van monsterneming aan, hoofsaaklik in die mineraalprosesseringsindustrie. Monsterneming is in beginsel statisties van aard en dus sal basiese statistiese metodes, relevant tot monsternemingsteorie behandel word. Die module sal dan fokus op die teorie van monsterneming, spesifiek ten opsigte van die bestuur van groot- en kleinskaalse veranderlikheid. In die gedeelte oor grootskaalse veranderlikheid, sal die effek van interpolasiefoute, periodiese foute en geweegde-inkrement foute ook aangespreek word. In die gedeelte wat handel oor kleinskaalse veranderlikheid, word die bepaling en bestuur van verskeie foute, wat lei tot kleinskaalse veranderlikheid hanteer – dit sluit in die saamstel van monsternemingsmetodes wat hierdie foute kan minimeer. Die evaluasie van droë- en nat monsternemingsapparaat, ten opsigte van verskillende bronne wat eensydigheid kan genereer, asook die implementering van monsternemingsmetodes in die praktyk word behandel. Steenkool-, yster-, goud- en platinumerts sal die fokus vorm van die module.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.